


**Februarie 2024**

**Hierdie wysigings tree op 19 April 2024 in werking.**

Inleiding

Arbeid het baie gekompliseerd geraak met wetgewing wat nie noodwendig in die guns van die werkgewer opgestel is nie, maar vir die werknemer ter wille is.  Die hantering van arbeid het 'n gespesialiseerde saak geraak en behoort werkgewers van kundige en gespesialiseerde instansies soos die LWO gebruik maak om hulle deur hierdie potensiële mynveld te begelei.

1. **ARBEID AS PRODUKSIEFAKTOR**

   **Standpunt -**  Arbeid is een van die produksiefaktore wat benut word deur die ondernemer of entrepreneur van enige besigheid ten einde effektiewe en winsgewende besigheid te kan bedryf.  Die ondernemer sal grondstowwe, kapitaal en arbeid op so 'n wyse moet bestuur en benut dat dit vir daardie besigheid aan die einde van die jaar wins veroorsaak.  Met die ontwikkeling van tegnologie en meganisasie kan dit vandag as 'n vyfde produksiefaktor gevoeg word.  In baie gevalle afhangende die produksieproses en die keuse van die ondernemer ten einde na winsgemewendheid te strewe is dit besig om arbeid te vervang.

   **Riglyn** – Die ondernemer moet hom of haarself op hoogte bring van die koste van al die produksiefaktore en veral van arbeid (wat insluit direkte koste, indirekte koste, vestiging van regte, volhoubaarheid, skade gely) en dan 'n verantwoordelike besluit neem oor keusemaking ten einde in die onderneming se beste belang op te tree.  In hierdie proses moet meganisasie en tegnologie verreken word.

2. **WERKLOOSHEID**

   **Standpunt -** Daar is slegs een oplossing vir werkloosheid en dit is dat daar ekonomies groei sal wees waar suksesvolle besighede werksgeleenthede sal skep. Dit is n siklus wat nooit eindig nie.  Ondernemings gaan tot niet a.g.v. die dood van die ondernemer, swak bestuur, swak ekonomiese omstandighede of ander oorsake. Gevolglik word  daar konstant nuwe besighede geskep deur ondernemers wat die geleenthede raaksien en dan die produksiefaktore aanwend wat sou insluit die skep van werksgeleenthede. Die beginsels van ekonomie moet nagevolg word en skeppend gedink word. Om te kan werk en geld te verdien gee genoegdoening aan die werker en stimuleer die ekonomie. Die regering moet dit so maklik as moontlik maak om ondernemings te begin. Dit behoort, naas, gemeenskaps veiligheid die hoogste prioriteit van die regering te wees. Arbeidswetgewing behoort so te

ARBEID

verander dat die verhouding tussen werkgewer en werknemer beheer word deur eenvoudige, spoedige maklik verstaanbaare prossesse. Natuurlike wedywering en aanpasbaarheid is belangrik.

**Riglyn** - Sien toe dat enige persoon wat op u grond woon sover moonlik werk het. Werklose persone op die grond, deur hulle teenwoordigheid verkry regte en werkloosheid veroorsaak sosiale probleme. Poog dus om diesulkes elders te vestig.

Maak verkieslik gebruik van ’n erkende en bewese arbeidsbestuursinstansie soos die LWO om seker te maak dat alle besluite in die aflegging van werkers korrek binne die raamwerk van die wet plaasvind.

Die gevare van werkloosheid is reeds genoem en gevaarlike broeiplek van onheil. Neem dus deel aan en ondersteun enige projek wat werk skep.

## 3. MINIMUM LOON

**Standpunt -** Die daarstelling van n minimumloon is in stryd met die skep van werk. Dit ontmoedig die permanente indiensneming van arbeiders. Klein sakemanne en boere sal eerder meganiseer of nie uitbrei nie as om ‘n las soos minimumloon op te neem indien dit nie meer vanuit ’n besigheidsoogpunt finansieel sin maak nie. Die daarstelling van so ‘n statutere verpligting behoort opgehef te word en natuurlike markkragte moet lone reguleer. Die werker moet sy dienste so verkoop dat hy onmisbaar is en ‘n aanwins is vir die werkgewer wat self die loon sal aanpas om nie die werker te verloor nie. Minimumlone neem nie die besigheid se vermoë om te betaal in ag nie. Ten einde steeds winsgewend te wees word werkgewers gedwing om die nodige aanpassings te maak in hul arbeidsbestuursbenadering ten einde steeds in produksie te kan bly.

**Riglyn** - Die vraag kan met reg gevra word of die daarstelling van minimumloon nie werkloosheid skep nie. Minimumloon skep die omstandighede waar die minimum arbeiders en werkers in diens geneem word. Dit het die gevolg dat meganisasie plaasvind en verdere werkloosheid skep. Dit is die begin van die spiraal na minimum arbeid.

Opleiding van arbeid sal verseker dat maksimum effektiwiteit geskep word.

## 4. STAKINGS

**Standpunt** - Die reg om te staak behoort nie te bestaan in ontwikkelende lande nie. Stakings is analoog aan afpersing en dit lei tot geen goeie verhouding nie. Werkers moet hulle ontevredenheid op ander maniere wys of die betrokke werkgewer se diens verlaat. ’n Staking kan beskou word as ekonomiese sabotasie van ’n onderneming wat die vermoë van die ondernemer net verder afbreek en die eise gestel net nog moeiliker maak om te kan diens.

**Riglyn** - Stakings kan lei tot geweld. Poog om dit te vermy. Indien dit wel plaasvind moet toegesien word dat dit streng in terme van die wet geskied. Indien daardie wetgewing verbreek word moet alles gedoen word wat tot die werkgewer se vermoens is om die wet af

ARBEID

te dwing.  Maak seker dat die hele staking indien wel plaasvind nie met emosie hanteer word nie.  Dit is beter dat 'n onafhanklike onderhandelaar alle gesprekke voer.  Alle kommunikasie moet plaasvind met getuies en met die opneem dmv video om seker te maak dat valse aantygings nie  agterna gemaak kan word nie.  Dit is die beste om professionele persone soos bv iemand van die LWO te kry om sodanige situasie te ontlont.

## 5. RASSISME & DISKRIMINASIE

**Standpunt** - Dit moet in alle opsigte uitgeroei word. Dit skep agterdog en versteurde verhoudings. Dit lei tot onproduktiwiteit wat kan lei werkloosheid en armoede. Vir beide die werker en werkgewer.

**Riglyn** - Moet jouself nie skuldig maak aan die misdaad nie en moet nie toelaat dat dit in jou werkplek kom nie. Die strawwe wat statuter bepaal is en soos deur die howe toegepas word maak enige optrede nie die moeite werd nie. Dit is ook teenproduktief om in howe te verkeer.

## 6. OPLEIDING

**Standpunt** - Kennis is mag. Opleiding gee nie net vaardigheid of kennis nie, dit gee ook afronding en selfvertroue. Om dit te bereik moet kwaliteit skoolopleiding plaasvind. Daarna moet kwaliteit verdere opleiding geskied aan persone wat opleibaar in die besonderse veld is. Opleiding is die sleutel tot produktiwiteit vir die individu asook die onderneming. Kwaliteit opleiding moet altyd ondersteun word.

**Riglyn** - Met opleiding kan die arbeidsmag op 'n plaas verminder word wat net goeie gevolge het. Opleiding maak die werker trots en meer effektief.  Skep ook die geleentheid dat die kinders van werkers behoorlike skoolopleiding kry. 'n Beter opleiding en opvoeding behoort 'n meer opgevoede mens te verseker wat met groter begrip die verantwoordelikheid sal kan aanvaar van wat dit verg om 'n goeie werker te wees.  Dit kan lei na beter werksverhoudinge.

## 7. INFORMELE SEKTOR

**Standpunt** - Hier is die gebied waaruit menigte gevoed word.  Dit ding mee met formele besighede en strukture.  Nogtans moet hierdie aktiwiteit ondersteun word omdat dit onmisbaar is in 'n ontwikkelende land en waar vele huishoudings 'n bron van inkomste uit verkry.

**Riglyn** - Die sektor se optrede sorg ten minste dat gesinne gevoed word. Die nadele soos geen betaling van belasting moet uitfaseer word. Sien toe dat werkers eerder in die formele sektor hulle salarisse spandeer en daar ondersteuning bied.

## 8. VREEMDELINGE

ARBEID

**Standpunt** – As vertrekpunt behoort die land se burgers die verpligting te hê om belasting te betaal om sodoende die voordele te verkry waarop die burgers geregtig is.  Elke vreemdeling het die potensiaal om 'n nie-betalende belasting inwoner te wees en ook om voordele, soos gratis mediese dienste, water, ens. te bekom.

Aan die anderkant kan vreemdelinge gapings vul in die arbeidsmark waar burgers nie in belang stel nie.

**Riglyn** - Die gevare van vreemdeling oorskadu die voordele wat in hulle diens geleë is.  Vermy wetlike oortredings in die verband en vermy om hulle in diens te neem. Die plaaslike bevolking kan maklik met vergeldingsaksies teen die buitelandse werkers sowel as die werkgewer begin.

***TLU SA is deeglik bewus van die verskeie veranderinge in arbeids-wetgewing wat deurentyd plaasvind, soos bv. die minimum loon en daarom poog ons hard om proaktief op te tree om uitkomste te kry en dus kan hierdie riglyne wel van tyd tot tyd aangepas word soos nodig.***

ARBEID